St. Hugo van Grenoble

1 April

(1052-1132)

Gebore uit ‘n militêre familie in die Dauphine-streek van Frankryk. Hy was ’n uitblinker student wat op vroeë ouderdom reeds vanweë sy geleerdheid en vroomheid aangestel word as kanunnik van die katedraal in Valence. Die pouslike legaat is so deur hom beïndruk dat hy hom in diens geneem het. In 1080 tydens ’n sinode in Avignon word hy benoem tot biskop van Grenoble. Op daardie tydstip was hy nog nie eers ’n priester nie. Hy word tot diaken en priester gewy en na Rome gestuur waar pous Gregorius VII hom biskop wy. Terug in sy bisdom begin hy onmiddellik met die diepgaande hervorming daarvan. Soos te verwagte kry hy baie teenkanting en hoewel hy op ’n stadium mismoedig geraak het en hom in ’n Benediktynerklooster onttrek het, keer hy uiteindelik terug en arbei onverpoos vir die res van sy lewe om die Christelike geloof ’n werklikheid in die lewe van die geestelikes en gelowiges te maak. Dit was hy wat aan die heilige Bruno die stuk grond gegee het waarop die Grande Chartreuse opgerig is en die Kartuiser-orde sy ontstaan gehad het.